

Gesels saam

GRAAD 7-10

WELKOM

Lees die spreuke en gesegdes hier onder vir die groep. Kies sowat vyf uit elke groep en wissel dit af. Die jongmense moet besluit of dit uit die Bybel (Spreuke) kom, of 'n algemene gesegde of sosialemedia-waarheid is.

Verse uit Spreuke (vrye vertaling met verwysings):

- Wysheid begin by die dien van die Here ([Spr 1:7](#)).
- Vertrou op die Here met jou hele hart ([Spr 3:5](#)).
- Yster slyp yster ([Spr 27:17](#)).
- Wie wysheid vind, vind die lewe ([Spr 8:3](#)).
- 'n Goeie vrou laat haar man goed lyk ([Spr 12:4](#)).
- As jy sukses wil behaal, wees eerlik oor jou sonde ([Spr 28:13](#)).
- 'n Kind wat wys optree, maak sy of haar ouers bly ([Spr 10:1](#)).
- Wie sy mond bewaar, bewaar sy lewe ([Spr 13:3](#)).
- Om met 'n dwase mens te argumenteer maak twee dwase ([Spr 26:4](#)).
- As jy lui is, gaan jy niks kry nie ([Spr 13:4](#)).
- As jy jou kind liefhet, sal jy hom of haar reghelp ([Spr 13:24](#)).
- Jy word soos die mense waarmee jy meng ([Spr 13:20](#)).
- 'n Goeie antwoord kan woede laat bedaar ([Spr 15:1](#)).
- Trots kom voor die val ([Spr 16:18](#)).
- 'n Vrolike hart is goeie medisyne ([Spr 17:22](#)).
- 'n Goeie vriend is beter as 'n broer ([Spr 17:17](#)).
- Die tong het mag oor lewe en dood ([Spr 18:21](#)).

Algemene gesegdes of sosialemedia-waarhede:

- Wysheid is om te doen wat jou gelukkig maak.
- Jy leef net een keer – maak dit die moeite werd.
- As jy nie jouself liefhet nie, wie sal?
- Om te glimlag is gratis terapie.
- Sukses is die beste wraak.
- Wees die rede waarom iemand vandag glimlag.
- As dit jou vrede steel, los dit.
- Jy is genoeg – net soos jy is.
- Moenie jouself met ander vergelyk nie – jy is uniek.
- Moenie mense se goedkeuring najaag nie – wees die beste weergawe van jouself.
- Elke dag is 'n nuwe kans.
- Moenie jou kroon laat val oor iemand anders se opinie nie.
- Selfs die donkerste nag het sterre.
- 'n Gelukkige lewe begin met 'n gelukkige vrou.
- Groot dinge begin klein.
- Moenie vergeet om asem te haal nie.

Ons gesels vandag oor die wysheid in die boek Spreuke. Spreuke bestaan uit gesegdes wat uit verskillende tye en plekke kom, net soos ons vandag ook wysheid op verskillende plekke kry. Augustinus het lank gelede gesê: "All truth is God's truth." Spreuke help ons om vandag te sien wat werklik waar en wys is.

WONDER

Lees [Spreuke 1:1-7](#) saam.

Die Spreukeboek is 'n wysheidsgeskrif wat mense wil help om die kuns van die lewe te bemeester. Die eerste sewe verse verduidelik waarom die boek geskryf is.

Gesels saam:

- Hoe sal julle die verskil tussen kennis en wysheid vir iemand verduidelik?
- Wat dink julle is wysheid, volgens vers 1-6?
- Lees nou vers 7 by. Hoe verander dit julle antwoord hier bo?
- Hoe verskil die spreuke in die boek Spreuke van byvoorbeeld spreuke wat ons op sosiale media kry?

WEES

Die jongmense gaan elkeen hulle eie "meme" skep. Laat hulle deur die boek Spreuke blaai en een van die spreuke kies wat hulle opval. Skryf dit op 'n indekskaartjie en teken 'n prentjie wat daarby pas.

Alternatief: Gebruik kunsmatige intelligensie (AI) om 'n "meme" van die spreuk te skep.

WEGSTUUR

Laat die jongmense hulle "memes" iewers in julle kerkgebou of gemeentesentrum opplak (tref vooraf die nodige reëlins hiervoor).